

# DIE BOERDERY AS 'N BESIGHEID

## DEUR


DR PHILIP THEUNISSEN

---

### DIE IDEALE STRUKTUUR VIR 'N BOERDERY


Die bedryf van 'n besigheid gaan oor die samesnoering van die vier produksiefaktore (Natuurlike hulpbronne, Kapitaal, Arbeid, Ondernemingsgees). Dit moet in 'n besigheidsvorm gedoen word sodat daar struktuur aan die boedery gegee kan word. Die vier besigheidsvorme (Eenmansaak, Vennootskap, Maatskappy/BK, Trust) het elkeen sy voor- en nadele en die uiteinde is dat daar waarskynlik nie een enkele vorm is wat alle boerderye onder alle omstandighede die beste gaan pas nie.

Tradisioneel is eenmansake by verre as besigheidsvorm vir boerderye gebruik (bykans 60%). Die gevolg daarvan is dat daar nie 'n duidelike afbakening tussen die vier produksiefaktore binne die boerdery is nie. Dit skep nie probleme solank die boer nog voluit en op sy eie boer nie. Die probleme kom wanneer die boer sy seun by die boerdery wil betrek of wanneer hy ontydig te sterwe kom. In 'n eenmansaak is die vier produksiefaktore so ineen gestrengel en die grense so vaag gedefinieer soos in Figuur 1 voorgestel word.




**FIGUUR 1: TRADISIONELE BOERDERYSTRUKTUUR**

Die tradisionele struktuur bemoeilik eerstens erfopvolging by afsterwe of uitrede van die boer. Dit bemoeilik tweedens ook die bestuur van die verskillende produksiefaktore. Derdens onderskei dit nie die boer se private lewe met sy besigheidslwe nie. Om hierdie probleme te oorkom moet die vier produksiefaktore duidelik afgebaken word soos in Figuur 2 aangetoon.



**FIGUUR 2: ONDESKIED TUSSEN DIE PRODUKSIEFAKTORE**

Daar is ongelukkig nie een enkele besigheidsvorm wat aan al die vereistes van 'n ideale boerderystruktuur voldoen nie. Die oplossing is dus om 'n kombinasie van besigheidsvorme te gebruik, soos in Figuur 3 voorgestel.



**FIGUUR 3: IDEALE BOERDERYSTRUKTUUR**

Die ideale struktuur word saamgestel uit twee trusts, 'n maatskappy of beslote korporasie en dan die boer as individu. Die operasionele gedeelte van die boerdery bestaan uit die maatskappy of BK. Dit is waar die kapitaal belê is wat die produksie en bemarking van produkte moet voortbring. Hierdie kapitaal bestaan uit al die masjinerie en die vee maar nie die grond nie. Die grond word deur hierdie maatskappy of BK van die trust gehuur wat die natuurlike hulpbronne besit. Aanvanklik kan arbeid ook hierby ingesluit wees maar ter wille van swart bemagtiging is dit meer gewens om die arbeiders in 'n trust saam te voeg sodat hulle dan op hierdie wyse en nie as individue nie, 'n aandeel in die boerdery kan bekom.

Die boerdery genereer 'n netto boerdery-inkomste waarin die arbeiders ook deel. Die wins wat daarna oorbly word gebruik om die eienaar te vergoed en om die natuurlike hulpbronne (grond) in stand te hou of uit te brei. As daar bevredigend vir die eienaar en die natuurlike hulpbronne gesorg word, is hulle opnuut beskikbaar aan die maatskappy of BK sodat die produksieproses weer herhaal kan word. 'n Verlies, wat nie iets vir die eienaar en die natuurlike hulpbronne kan terugploeg nie, gaan tot gevolg hê dat die vier produksiefaktore nie behoorlik benut kan word nie en die boerdery sal mettertyd kwyn.

Bogenoemde struktuur bied groter gemak by erfopvolging en bestuur van die boerdery. Wanneer die boer sy seun wil betrek sal dié bloot net as nog 'n eienaar bykom totdat hy later sy vader sal vervang. Die natuurlike hulpbronne bly onaangeraak en die trustees daarvan sal bloot net verander word by die vader se afsterwe. Die vader kan dus as trustee aanbly tot en met sy afsterwe terwyl hy lankal reeds sy belange in die maatskappy of BK aan sy seun oorhandig het.

Die voordele van hierdie struktuur is dus dat die vier produksiefaktore afsonderlik besit en bestuur word en afsonderlik by erfopvolging oorgedra kan word. Dit vergemaklik die erfopvolgingsproses omdat elke entiteit sy eie in- en uitfaseringstempo tussen vader en seun sal hê.

Die nadele van die ideale struktuur is dat die aanvanklike oprigtingskoste redelik duur kan wees. Die entiteite moet teen 'n koste opgerig word en daarna moet die bates oorgedra word. Die oordra van die

grond na die trust kan veral duur wees. Hierdie koste word egter net eenmalig gedoen en sal nie weer nodig wees by erfopvolging nie. Slegs die boer se belang en dan ook enige leningsrekenings, vorm deel van sy boedel en nie die bates binne die trust en maatskappy/BK nie.

Die belangrikste is ook dat die boer die struktuur moet verstaan. As hy telkens sy rekenmeester of prokureur moet bel wanneer hy iets wil doen is die struktuur te ingewikkeld en dien dit dalk nie sy doel ten volle nie.

---

**BETHLEHEM**  
**Julie 2005**